



DUNA PUBLIC LIBRARY

Vatiswa Mafika

Librarian

The Duna Public Library is situated seven kilometres from Grahamstown in an area called Joza. Joza was founded in 1957 after it was felt that there was a great need for more houses due to the increasing population. This area is one of three neighbourhoods which form the Rhini township. The estimated population of Rhini township was 50 000 in 1993, but squatter areas are developing at a phenomenal rate. 99 per cent of the population is Xhosa speaking and the majority are uneducated. The area has five high schools, five lower primary schools, and five higher primary schools.

History

Duna Public Library was established in 1934. It was named after Charles N Duna. Charles was a teacher by profession and when he returned from Kimberley, where he taught, to Grahamstown, he met a group of men who acquired a room in Raglan Road, where they would meet to play draughts and read books. He realised the need for a library and approached the joint council for Europeans and Africans who gave books for this purpose. The old library building was erected in 1937 by the City Council of Grahamstown at a cost of R8 679. Of this R6 000 was a profit from the sale of bantú beer. When the old Bantu Affairs Administration Board took over control of the township from the City Council, a sum of R800 allocated by the Rhodes Rag Committee for the furnishing of the library, was handed over to them. This money, together with a further R2 356 donated by the trustees of the Grahamstown Foundation, was used to furnish and equip the library. The Duna library was over 6 000 books by the Library Service. It was officially opened on 30 July 1975 by JCK Erasmus, Chairman of the Cape

Midlands Bantu Affairs Administration Board.

New library

There are over 14 000 school-going children in Rhini and the old library, which was only 150 square metres in size, was inadequate for community needs. A subsidy of R1 050 000 was made available by the Library Service for a new library building and planning started in 1992. The library of 760 square metres opened its doors to the public in September 1993, is centrally situated and is easily accessible to most of the schoolchildren.

A walled play area leads off the spacious children's section which includes display areas, picture book shelving, low seating for the smallest children, a counter area for the children's librarian and seating for 15 in the section for older children.

The adult section comprises a reference area with seating for 28, an enclosed study area with seating for 39 and an adult lending and newspaper and magazine reading area with seating for six. Behind the main counter area is the librarian's office and workroom. A security guard controls the entrance and the group activities hall has seating for 65. A kitchen with serving hatch opening into the foyer is adjacent to the hall. Audio-visual equipment in the library includes a projector, television and VHS video recorder and a music centre.

The interior of the library is light and the colour scheme harmonious. The facebrick exterior is dominated by painted panels relevant to the history of the Xhosa people. J English, the architect, researched these designs in the Cory Library for Historical Research at Rhodes University.

Staff

The Duna library is staffed by Librarian, Vatiswa Mafika, the Children's Library Assistant, Cynthia Manyathi and Aaron Ntshoko, the security guard.

Activities

Although the video cassettes are loaned out to users, provision is made for those who do not have their own equipment to watch videos in the library hall. Draughts and chess are the two games which have won the favour of most of our library clients.

At the beginning of the year contact was made with school principals regarding class visits to the library. Class visits by primary school children for library orientation have been initiated.

There have been group showings in the library hall mainly of voter education, children's and setwork videos.

As the Albany Museum is some distance from the township museum staff are using the library hall for talks and demonstrations on the species the children learn about at school. The JLB Smith Institute of Ichthyology has also initiated educational displays and activities directed at school children in the library.

During story hours for children, not only is the children's librarian expected to tell stories, the children also have to tell their own stories. This procedure encourages reading with comprehensiveness and the ability to express oneself at a very early age. Miss Pamela Ntlebi of the Makanaskop Pre-Primary School comes to the library on certain days to tell stories to the children. Staff of the National English Literary Museum also visit the library from time to time for English story-telling to children from age six upwards.

On 21 February 1994 Priscilla Hall, Adult Education Officer at Rhodes University organised a careers workshop in conjunction with the Department of Manpower in the library hall. A collection of university brochures and bursary registers as well as a video on career guidance were loaned to the library by the Department of Manpower on a long-term basis.

The suggestion box in the library is well used by library patrons. A recent suggestion has been for the library to open on Fridays and Sundays and for Saturday opening hours to be extended.

The library opened in September 1993 and as it was just towards exam time, the membership is very low. Membership records from the old library were abolished as they were found to be out-of-date and inaccurate. We have tried to



Beautiful displays in the children's section enhance the pleasant atmosphere




No question is too difficult for Librarian Vatiswa Mafika



The comfortable reading section and interesting newspapers and magazines make you want to sit back and relax



Enthusiastic library patrons. An important feature of the library, the painted panels depicting the history of the Xhosa people, can be seen in the background



Reading is fun in the Duna library!



There are 17 magazine titles to choose from

market the library by publishing articles in the local newspaper. (See article featured in *The Cape Librarian*, Vol 37, no 5, May 1993, p 5.) We are still devising some other means of marketing the library.

Books on politics and sport circulate very well. English love stories and Xhosa titles are also popular. The videos on Mandela and Mzwakhe Mbuli have been in demand. There have also been numerous showings of *Julius Caesar* in the library to meet demands from school-children.

In-library usage of library materials is heavy and it is hoped that an effective method of measuring in-house usage will soon be devised by the Library Service.

During October/November 1993, examination fever could be felt in the library with all the study seating constantly occupied during library open hours.

Problems have been experienced with the non-return of issued library materials. Reminders sent out have had little effect and it has been necessary for the security guard to go from house-to-house collecting overdue items. Theft of library materials from the shelves is also a problem and an electronic detection system is needed to deter potential thieves.

The future

Looking to the future, one of the major changes which should be implemented in this library is to put it on-line. Searches in this library can be time consuming, especially as there is also the problem of staff shortage. In a disadvantaged community like this needs have to be satisfied in order to improve the well-being of people. People need information based on their daily lives, for example, on how to cope with unemployment, primary

health care, et cetera. The public library must see to it that these needs are met, bearing in mind that the social, educational and political needs of each and every individual in the community can be met through a public library. In future there is hope that this library is going to change the lives of the Joza inhabitants by helping and supporting them in fulfilling their information needs. The need for information is almost essential to each and every individual.

Statistics

Originally started: 1934

New building opened: September 1993

Floor area: 760 m²

Provincial subsidy: R1 050 000

Architect: J English

Stock: books 8 158

newspapers 5

periodicals 17

video cassettes 49

audio cassettes 20

records 12

Membership: (March 1994)

adult 243

juvenile 66

Average monthly circulation: (after 6 months) 1 050

Opening hours:

Monday to Thursday

10:30 am - 6:30 pm


Friday closed

Saturday

10:00 am - 12:00 pm

Legend

1. Foyer
2. Kitchen
3. Projection room
4. Group activities hall
5. Stage area
6. Workroom
7. Librarian's office
8. Reference/reading room
9. Study room
10. Adult lending
11. Children's area
12. Children's outdoor play area



Compiled by
Grizell Azar-Luxton

DOCULAM COIN MECH

A photocopy coin mechanism is an electronic coin acceptor that can be programmed to accept any five coins. The charge per copy is easily programmed via on board switches. An intelligent processor adds up the number of copies allowed after coinage has been deposited and displays the number of copies allowed on a digital display. As copies are made they are subtracted from the total and the balance is displayed.

FEATURES

- Operates on all photocopy machines
- Flexibility of programming of coins (total of five 20 cents, 50 cents, R1,00, R2,00, new or old)
- Digital display of copies remaining
- Housing designed so coinage is removed from separate drawer
- Coin mechanisms are modular and easily reprogrammed locally
- Easy installation and maintenance
- Local support from Doculam Cape Town.

Price: Vary between R1 800 and R 2 400.
Address: Cnr Cranko and Lower Main Roads
Observatory 7925.
Telephone: Jackie, Deidre or John at (021) 448-2430
Fax: (021) 448-2433.

REKENAARSPELTOETS IN AFRIKAANS

Helderberg Uitgewers het 'n aantal Afrikaanse taalprogramme geskik vir mikrorekenaars met MS-DOS asook vir gebruik onder *Windows* vir die opsoek van: korrekte spelling, alternatiewe woorde (sinonieme), Afrikaans-Engelse vertalings en woorde volgens passingspatrone (byvoorbeeld vir blokkiesraaisels). Die programme is *Proffeser*, *Woordkeuse*, *Woordsoek* en *Multatuli*.

Vir 'n brosjure skryf aan:
Helderberg Uitgewers
Posbus 2230
Stellenbosch 7601.
Telefoon: (021) 887-1737
Faks: (021) 883-8655.

LASERPLAAT-STAANDER

Die uitbreiding van laserplaatversamelings in openbare biblioteke het die behoefte laat ontstaan vir 'n staander of rak om laserplaatversamelings te berg.

De Jong Timber Products het so 'n eenheid ontwerp wat ongeveer 1 260 laserplaat kan huisves en kan draai. Die afwerking van die eenheid kan gekies word om by die bestaande meubels in 'n biblioteek te pas. Die prys sal bepaal word deur die afwerking en die standaardprys is ongeveer R1 127,00. Dit sluit nie afleverings buite 'n 100 kilometer radius in nie. Bestellings word binne 'n tydperk van 4-6 weke afgehandel.

Vir meer inligting, skakel:
Theuns Möller
De Jong Timber Products
Clarendonstraat / Posbus 105
Strand 7140.
Telefoon: (024) 37800
Faks: (024) 533711.



SELF-CLING VINYL

These designs, some of which have a literary theme, are screen printed onto self-cling transparent vinyl. Self-cling vinyl needs no adhesive. It will stick to any smooth clean surface including windows, mirrors, tiles and fridges. It is unaffected by condensation or sunlight and will look as good as new for years.

It can easily be washed, removed or repositioned. On removal it leaves no stickiness or mark on the window. The vinyl print will be sent to you backed with white card and comes complete with instructions for use. The design simply peels away from the backing ready for use.

For more information contact:
Erina Morris
3 Connemara Road
Wynberg 7800.
Telephone: (021) 762-4966.



This column is intended to draw librarians' attention to new products, brochures, posters, services and freebies for use in libraries. All librarians are invited to participate in this service. Contributions in either Afrikaans or English can be sent to the Editor, *The Cape Librarian*, PO Box 2108, Cape Town, 8000. Details are correct at the time of going to press, but confirm prices and availability before ordering.


Vanrhynsdorp se oorspronklike naam was Troe-Troe en volgens oorlewering was dit die plek waar 'n groot geveg tussen twee Khoikhoi-stamme plaasgevind het. Die gevegskreet wat beide faksies gebruik het, was *Toro-Toro*. Dit is afgelei van die Khoikhoiwoord, *torob*, wat beteken 'om oorlog te voer'. Die dorp is eers heelwat later vernoem na die destydse parlements lid, PB van Rhyn.

Dit is 'n redelike ou dorp en die Nederlands Gereformeerde gemeente is reeds gedurende 1877 gestig. Destyds is die dorp nog deur die plaaslike landdros bestuur en eers in 1904 het die eerste dorpsbestuur met PA van Zyl as voorsitter, die lig gesien. Gedurende 1914 het Vanrhynsdorp munisipale status verkry en MJ Rood was die eerste burgemeester. Die dorp het eers gedurende 1939 elektrisiteit, opgewek deur 'n eie kragstasie, verkry.

Vanrhynsdorp se omgewing is een van kontraste. Die grootste vetplantkwekery in die land is hier te vinde. Rooibos is een van die vernaamste produkte en verdien deesdae heelwat buitelandse valuta - veral deur uitvoere na Japan. Behalwe die gewone saai- en kleinveeboerdery spog die dorp ook met 'n gips- en marmeryn.

BIBLIOTEEKSTATISTIEK

Troe-Troe Openbare Biblioteek bedien die woonbuurt, Maskansig, met 'n inwonertal van



TROE-TROE OPENBARE BIBLIOTEEK

Rosie Blankenberg
Bibliotekaris

ongeveer 2 000 en is gedurende 1979 met behulp van 'n subsidie opgerig. Die ruim lokaal is op 8 Desember 1979 amptelik in gebruik geneem.


Tans spog die biblioteek met 'n ledetal van 1 006 waarvan 556 volwassenes en 450 kinders is. Gedurende 1993 het 16 949 boeke gesirkuleer. Sedert die ontstaan van Troe-Troe Openbare Biblioteek is 'n besondere kenmerk van hierdie bibliotek dat verliese absoluut minimaal is.

AKTIWITEITE

Gereelde boekuitstallings word gehou en dikwels afgewissel om veral die kinders se belangstelling te behou. Boeke in die biblioteek word gereeld gebruik om artikels vir uitstallings te maak en sodoende die betrokke boeke onder leners se aandag te bring. Inkleursessies en legkaartbou is populêre aktiwiteite en storie-ure word gereeld op 'n lewendige wyse aangebied. Genoen tyd word ingeruim vir studiedoelendes en die koerante en tydskrifte geniet baie aandag. Persone van buite word ingespan om die personeel behulpzaam te wees met van die projekte.



Daar is ook vanjaar begin met 'n lees- en skryfkursus en die eerste leerlinge toon reeds goeie vordering. Die Vriende van die biblioteek is redelik bedrywig en bo en behalwe hulp wat hulle deur die jaar verleen, is hulle veral tydens Biblio-teekweek baie aktief.



Rosie Blankenberg besig om 'n storie aan 'n waarderende gehoor te vertel




Troe-Troe Openbare Biblioteek



Legkaartbou is 'n baie gewilde aktiwiteit



Die uitstalling deur die Vriende van die Biblioteek wys watter talent daar in Troe-Troe skuil



Die studiegroep kan in die rustige hoekie in rus en vrede studeer

DON'T KILL THE WORLD

Dalena le Roux

Librarian, Central Reference Collection

Concern for the state of the global environment is set to be one of the dominant issues of the 1990s. All over the world, public pressure is forcing it to the top of national and international agendas. In Western countries, political leaders now vie with each other to appear 'green', even if their actions as yet rarely match their words. And in many Third World countries, (our own South Africa counting as one of them) the depth of the environmental crisis and the strength of grassroots movements to combat it, are causing governments to take it seriously. In this, the role of the information industry will once again be crucial. The responsibility of the local librarian to bring to the attention of the powerful people exactly the right information to enable them to make the right decisions is of paramount importance.

FOR ADMINISTRATORS

To start off, some titles that may help organisers and administrators are:

- Elkington, John et al. **Green pages: the business of saving the world.** (Q 333.72 ELK)
- **Atlas of the environment.** (R 333.7 ATL)
- **The green pages 1991/1992: environmental networking & resource directory for Southern Africa.** (R 333.7025 GRE)

RELIGIOUS ASPECTS

The religious and philosophically minded may get some encouragement from:

- Bishop, Steve **The earth is the Lord's: a message of hope for the environment.** (261.8362 BIS)
- Hawken, Paul **The magic of Findhorn.** (I33 HAW)
- Pepper, David **Communes and the green vision.** (304.2 PEP)

IMPORTANT CONCEPTS

The politics and concepts of the issue are discussed in various ways in:

- Commoner, Barry **Making peace with the planet.** (333.72 COM)
- **The earth report: monitoring the battle for our environment.** (R 304.2 EAR)

- Merchant, Carolyn **The death of nature.** (304.2 MER)
- Radford, Tim **The crisis of life on earth.** (304.2 RAD)
- **Biotic diversity in Southern Africa: concepts and conservation.** (333.720968 BIO)

GAIAN IDEA

The Gaian idea and philosophy may be researched in:

- Allaby, Michael **Guide to Gaia.** (574 ALL)
- Lovelock, J E **Gaia: a new look at life on earth.** (574 LOV)

PRACTICAL ISSUES

Getting down to the practical side the following may be useful:

- Shepard, J & D **Earth watch.** (551 SHE)
- **Restoring the land: environment and change in post-apartheid South Africa.** (333.7096 RES)
- Roberts, L E J et al **Power generation and the environment.** (333.7932 ROB)
- Nixon, Brian **World contrasts.** (Q 330.9 NIX)
- Wolf, Peter M **The future of the city.** (Q 711.40973 WOL)
- Price, Brian P **for pollution.** (363.73 PRI)
- McCormick, John **Acid earth.** (363.7386 MCC)
- Webb, Tony **Food irradiation.** (363.192 WEB)
- Walker, Peter **Famine early warning systems.** (363.8 WAL)
- Richards, Sue **Living with the physical environment.** (333.7 RIC)

LIVING ORGANISMS

Our environmental concern with our four-footed friends is well illustrated in the next few titles:

- Perry, Nicolette **Symbiosis: nature in partnership.** (574.52482 PER)
- Kay, Lorraine **Living without cruelty.** (179.3 KAY)
- **Lives in the balance: the ethics of using animals in biomedical research.** (179.4 LIV)
- Erickson, Jon **Dying planet: the extinction of species.** (574.522 ERI)

- Day, David **The encyclopedia of vanished species.** (Q 591.04203 DAY)
- **The atlas of the living world.** (Q 574.9 ATL)

NATURALISTIC LIVING

On a more personal level the environmentally minded can find some handy information in:

- **The holistic health handbook.** (Q 613 HOL)
- Lovelock, James **Gaia: the practical science of planetary medicine.** (574 LOV)
- Reichardt, Irmela **Natural gardening.** (635.0484 REI)
- Seymour, J **The complete book of self-sufficiency.** (Q 640 SEY)
- Poincelot, Raymond P **Organic, no-dig, no-weed gardening.** (635.0484 POI)

ENJOYING NATURE

Even the physically inclined can realise their environmental sensitivity in the plying of their interest. People wanting to get out into nature can consult:

- **Adventure holidays in Southern Africa.** (796.5 ADV)
- **Reader's Digest illustrated guide to the game parks and nature reserves of Southern Africa.** (799.0968 REA)
- Olivier, Willie **The guide to hiking trails.** (796.540968 OLI)
- Anderson, Tim **Tim Anderson's 52 day-walks in and around Cape Town.** (796.51 AND)

For those who want to wax romantic about the environment some poetry anthologies can be recommended:

- **Groen: gedigte oor die omgewing.** (39.3610083 GRO)
- **Poems for Winter.** (J 821.008036 POE)
- **Poems for Autumn.** (J 821.008036 POE)

TEACHING OTHERS

A title for teaching youth about the importance of the environment:

- Opie, Frank WJ **Rousing the sleeper: awakening earth love in the young and young at heart.** (371.38 OPI)

Books on topics that may be of interest to your patrons but might not be in your library collection are featured in this column. Librarians may contact the Central Reference Department for information at (021) 410-2249 or 410-2258 or send a special request to Central Collection, Library Service, PO Box 2108, Cape Town, 8000.

Prestasiemeting

James Retief

Bibliotekaris

Karlsen, Mariane **Performance measurement in public libraries. Scandinavian Public Library Quarterly**, Vol 25, no 4, 1992, p 18-21.

Gebruik biblioteke hul bronne doeltreffend? Word die doeltewitte van biblioteke bereik? **Measuring the performance of public libraries: a draft manual** (Parys: UNESCO, 1989) is 'n bekende handleiding in biblioteekkringe wat opgestel is deur 'n Britse navorsers, Nick Moore, wie se metodes al in 'n hele paar lande gebruik is. Larvik Openbare Biblioteek in Noorweë het die handleiding gebruik om vas te stel hoe suksesvol dit in die praktyk aangewend kan word.

Moore verduidelik dat sy oogmerk was om 'n handleiding te skryf oor prestasiemetingstegnieke vir openbare biblioteke, wat deur 'n verskeidenheid biblioteke gebruik kan word. Die doel van prestasiemeting is om die benutting van die boekvoorraad, personeel en fisiese hulpbronne te bepaal en om dit met gebruikers se behoeftes te versoen. Prestasiemeting moet ook in verband gebring word met die doelstellings van die biblioteek en die finale resultate kan nuttig gebruik word in die biblioteek se beplannings-, administrasie- en bestuursprosesse. Die resultate is van groter waarde indien dit op 'n jaar vir jaar basis gebruik word of vergelyk word met 'n ander soortgelyke biblioteek se'n.

Beginsels

Moore se agt beginsels vir prestasiemeting:

- Dit moet 'n integrale deel vorm van die bestuursproses
- Die maatstawwe moet prestasie in verband bring met die belange van die gebruiker
- Die maatstawwe moet prestasie meet, binne die beperkings van die beskikbare hulpbronne
- Prestasie moet gemeet word binne die konteks van die biblioteek se doelstellings
- Openbare biblioteke bied verskeie dienste aan

- Die vlak van meting moet bepaal word deur die hoeveelheid besonderhede benodig
- Vergelyking is noodsaaklik
- Basiese maatstawwe moet aangepas word vir plaaslike omstandighede.

Maatstawwe

Die maatstawwe word in twee hoof-groepe verdeel. Eerstens, meting van hulpbronne waar die boekvoorraad, personeel, geboue, ligging en toeganklikheid bepaal word en dan in verband gebring word met die betrokke gemeenskap. Tweedens, meting van lewering waar uitreikings, besoeke, aktiewe gebruikers, naslaantransaksies, voorraadkapasiteit, navrae en besprekings bepaal word en dan weer met die totale gemeenskap wat bedien word in verband gebring word. Die maatstawwe kan ook in twee vlakke verdeel word, naamlik 'n algemene vlak vir die biblioteek as geheel en dan vir sekere vakgebiede en afdelings.

Met hierdie metode word daar gepoog om twee belangrike vrae te beantwoord, naamlik: streef die biblioteek op 'n effektiewe wyse daarna om sy doelstellings te bereik en word die biblioteek se hulpbronne doelgerig aangewend?

Larvik Openbare Biblioteek

Die biblioteek bedien 'n munisipale gebied met oppervlakte van 530 vierkante kilometer en 'n gemeenskap van 38 166. Die openbare biblioteek bestaan uit 'n hoofbiblioteek, ses takbiblioteke en sewe mobiele biblioteke. In 1991 het die biblioteek 335 050 boeke uitgereik wat vergelykbaar is met 8.8 uitreikings per capita en kleinwoner het 'n gemiddeld van vyf besoeke aan die biblioteek afgela.

Die meeste van die berekenings is deur 'n sentrale rekenaar-gebaseerde formule gedoen en, alhoewel van die berekenings tydrowend was, was dit nie nodig om addisionele personeel te gebruik nie. Deeglike beplanning is uiters belangrik en iemand moet 'n geheelbeeld he van die berekenings.

Die meeste van die gevolgtrekkings het die verlangde inligting verskaf. Baie van die resultate lyk met die eerste oogopslag na 'n mislukking, maar is effektief indien dit herhaal word en dan dienste aan

vergeelyk word met die eerste opname se resultate.

Voordele

Moore se handleiding dek die breë spektrum van biblioteekaktiwiteite en kan met sukses in klein sowel as groot biblioteke toegepas word. Baie van die berekenings maak gebruik van algemene daaglikse biblioteekstatistiek, maar dit is veral insiggewend indien die data in 'n spesifieke konteks geplaas word. 'n Paar van Moore se beginsels kan effens verander word om aan te pas by 'n gegewe biblioteek aangesien daar spesifieke faktore kan wees soos bevolkingsdigtheid, wat 'n groot verskil kan maak aan die resultate en wat dan nie noodwendig verteenwoordigend sal wees van die biblioteek nie.

Betrek personeel

Die prestasiemeting is positief ontvang en 'n projekgroep is uit 'n verteenwoordiger van elke afdeling van die biblioteek gekies. Hulle het op 'n gereelde grondslag terugvoering gekry oor die vordering van die projek. Die personeel het dit gevolglik in 'n positiewe lig gesien en nie as net nog meer werk nie. Omdat die projek al die personeel betrek, kan hulle die resultate sien soos hulle dit insamel en dit het daartoe geleid dat die kleinste biblioteke met die swakste resultate harder as ooit gewerk het om te verbeter.

Dit is die taak van die biblioteek om te reageer op die resultate, en dit kan enigiets beteken van te min voorraad tot voorraad wat nie verteenwoordigend van die gemeenskap se behoeftes is nie. Stappe sal geneem moet word om hierdie probleme op te los. Prestasiemeting lei biblioteke in 'n meer doelgerigte rigting en gee aan personeel 'n beter insig in die funksionering van hulle biblioteke, asook hoe die gebruikers die biblioteek waarneem. Gevolglik kan biblioteke aan soveel van die behoeftes van die gebruikers as moontlik voldoen.

Moore se handleiding is gebaseer op IFLA-standaarde. Biblioteke kan daarby hou of hulle eie opstel. Ongeag die metode, prestasiemeting kan net goeie dinge vir die biblioteekwêreld beteken.

Hierdie rubriek bevat resensies van tydskrifartikels en boeke oor biblioteekwese wat bibliotekarisse mag interesseer. Alle materiaal wat hier verskyn, is op versoek beskikbaar by die Inligtingsbiblioteek, Biblioteekdiens, Posbus 2108, Kaapstad, 8000.

Nommer asseblief?

SAAMGESTEL DEUR GRIZÉLL AZAR-LUXTON

Hierdie telefoonsaga laat my so dink aan daai lekker televisie-reeks, **Nommer asseblief?** van toentertyd - een van die raar Afrikaanse komedies wat rêrig gewerk het. Nie dat mens kan sê dis heeltemal dieselfde nie, maar, lees verder en u sal sien, dieselfde gevoel is beslis daar. As 'n ou die telefoon al so 'n paar keer op 'n dag beantwoord het en dieselfde ou storie moet herhaal, is dit seker genoeg om enige mens tot raserny te dryf. Soveel so dat bibliotekaris Hettie Roux daar van Brackenfell se wêreld besluit het om haar pen en papier te gryp en haar op ons te beroep. Miskien lees die een of ander belangrike mens dié rubriek en wie weet, dalk word die probleem met die nuwe uitgawe van die telefoongids opgelos.

So klink die daaglikse telefoongesprekke wat tussen die personeel van **Brackenfell Biblioteek** en die publiek plaasvind, min of meer:

Geval een

Foon lui.
Ons tel op.
"Brackenfell Biblioteek goeie-môre/Brackenfell Library good morning".
"Ag dame, mev Snyman hier, hernu tog asseblief my boeke".
"Goed mevrou, die datum in die boeke gestempel asseblief."
"12 Maart 1994."
"Die nommers net na die datum, mevrou?" "Nee jong, ek sien nie 'n nommer na die datum hier nie, die datum staan alleen."
"Mevrou, is jy seker jy het jou boeke by Brackenfell Biblioteek uigeneem?"
(Ons het uit ondervinding al geleer om

hierdie vraag te vra).

"O gaats nee jong, ek neem boeke by Bellville Biblioteek uit, gee tog asseblief hulle nommer vir my."
"Seker mevrou" (ons ken die nommer al uit ons koppe uit).

Geval twee

Foon lui.
Ons tel op.
Ons sê wie ons is.
"Dame, ek weet nie of jy my kan help nie, maar kan jy nie asseblief kyk of die volgende boek op julle rakke is nie..."
"Goed meneer hou net asseblief aan dan kyk ek".
Ek soek en soek minute lank, en kry dit nie.
"Jammer meneer, maar ons het glad nie die boek in ons voorraad nie."
"Onmoontlik dame, ek het dit dan nou die dag op julle rakke gekry"...en hy is sommer kwaai.

Instink dwing my om te vra:

"Meneer, het jy dit by Brackenfell Biblioteek gesien?"

"Is ek dan nou by Brackenfell Biblioteek? Jammer dame, ek het eintlik na Bellville Biblioteek gesoek".

"Goed meneer u kan hulle by die volgende nommer skakel..."

Geval drie

Foon lui.
Ons tel op.
Ons sê wie ons is.
"Is that the library in the Town Hall?"
"No sorry lady, but you can phone them at this number..."

Geval vier

Foon lui.
Ons tel op.
Ons sê wie ons is.
"Dame, kan jy nie asseblief vir my help nie, ek soek na Scottsdene Biblioteek se nommer en kan dit nêrens in die telefoongids kry nie".

Ons verstaan haar probleem, want toe ons dit vir ons lysie wou opsoek, het ons baie gesukkel om dit te kry.

"Seker mevrou hier is dit..."

En as die mevrou enige ander biblioteek in die Skiereiland se nommer wil hê, sal ons dit ook vir haar kan gee want ons kry daaglik oproepe wat vir ander biblioteke bedoel is. Ons nommer staan blykbaar baie prominent in die Skiereiland se telefoongids. Miskien moet die biblioteke se telefoonnommers onder die hofie **Biblioteek** in die gids verskyn of miskien moet Bellville Munisipaliteit maar weer hulle nommers onder **Munisipaliteit** in plaas van **Bellville Munisipaliteit** laat plaas. Of miskien het iemand raad. Ons gee graag die regte inligting vir die persone wat die verkeerde nommer geskakel het, maar dit kan dalk ons tyd en hulle geld spaar as daar 'n oplossing gevind kan word!

CALENDAR

1994

Januarie

OPENBARE
BIBLIOTEKE IN
SUID-AFRIKA
Inligtingsplakkate

February

INFORMATION
FOR ALL

Maart

NIE-BOEK-
MATERIAAL AS
INLIGTINGSBRONNE

April

A USER-FRIENDLY
SERVICE

5 banners in
4 languages

Mei

DIE INLIGTINGSBEHOEFTE
VAN DIE GEMEENSAP
Gesinsplakkaat
Inkleurvel
Drasakke, sonskerms
T-hemde, plakkers,
bladwysers

June/July

STOCK
MANAGEMENT

Augustus

DIENTE AAN
SKOLIERE EN
STUDENTE
Naslaanboek
Loopbaanplakkaat
Studiemateriaalbanier

September

LITERACY
Poster

Oktober

GEMEENSKAPS-
INLIGTING
Gemeenskaps-
baniere, Saakindeks
Plakkaat

November/December

AFRICAN
LANGUAGES
Christmas poster

26 July

Planning meeting: Chief librarians
Cape Town

27 July

Planning seminar: Senior personnel of the Library
Service
Cape Town

2 August

Seminar: Information and basic skills
Worcester

4 August

Seminar: Information and basic skills
Piketberg

10 August

Seminar: Information and basic skills
Springbok

23 August

Seminar: Strategic planning of public libraries
Grahamstown

24 August

Seminar: Information and basic skills
Mossel Bay

24 August

Seminar: Information and basic skills
Grahamstown

6 September

Seminar: Information and basic skills
Oudtshoorn

13 September

Seminar: Information and basic skills
Calvinia

13-14 September

Course for prison library services
Worcester

14-15 September

Conference: Regional librarians of the Eastern Cape
Grahamstown

27-28 September

Conference: Regional librarians of the Central Cape
George

19-20 October

Conference: Regional librarians of the Northern
Cape
Kimberley

22 October

Conference: Regional librarians of the Boland
Worcester

2 November

Conference: Regional librarians of the Peninsula
Cape Town

ALLO? EEZ THEES DER
POUBLIC LAIBRORRY?
YAH?



I'EM BEEG EEMPORTANT
REZEARCHER OOND I
REQUIRE EENGLISH VOOLGAR
ZYNONYMS FOR DISGUSTINK
BODY VUNKTIONS, YAH?



ALLO?
ALLO?



NO LUCK?
THOSE LIBRARIANS
ARE A SHARP
BUNCH.



From: These days are just packed by Bill Watterson

DIE KAAPSE BIBLIOTEKARIS THE CAPE LIBRARIAN

AUGUSTUS / AUGUST 1994 VOL 38 NO 7

TEMA-TAMELETJIES

MAYIBUYE

KRIMINELE EN BIBLIOTEKE

TRANSLIS



1994

INFORMATION FOR ALL AT YOUR LIBRARY
INLIGTING VIR ALMAL BY JOU BIBLIOTEEK

SKOLIERE EN STUDENTE
SCHOLARS AND STUDENTS



Die Kaapse Bibliotekaris

The Cape Librarian

Vol 38 no 7 Augustus / August 1994

Redaksie
Editorial staff

Redakteur
Editor

Grizéll Azar-Luxton

Subredakteur

Sub-editor

Janine Carstens

Grafiese Ontwerpers

Graphic Designers

Monica Wagner

Ian Nurock

Administrasie

Administration

Katinka Block

Elzet van Wyk

Tel (021) 410-2446

Faks / Fax (021) 419-7541

Adres / Address

Posbus 2108 / PO Box 2108

Kaapstad / Cape Town, 8000

Geïndekseer in / Indexed in Lisa

(Library and Information Science Abstracts)

© Bibliotekediens

© Library Service

SA ISSN 0 008 5790

Reproduksie / Reproduction

Fotoplate

Drukker / Printer

Cape and Transvaal Printers

artikels / features

CITY LIBRARIES' SERVICE TO STUDENTS 12

Wendy Spencer

PROVINCIAL LIBRARY ADVISORY BOARD 14

Frans van der Merwe

LET IT RETURN! 16

André Odendaal

MEETING DEMANDS OF SCHOLARS 18

Nohra Moerat

TRANSLIS WHERE TO NOW? 20

Maria Farelo and Matthew Syphus

rubrieke / columns

TRAINING Coping with students during exams 9

Mary Davidson

NEW PUBLICATIONS For scholars and students 10

Zirkéa Ellis

KOLLIG OP SN Gestrem maar nie gerem 11

Dalena le Roux

KINDERFOKUS Tema-tameletjies 23






Mariette Immelman

RESENSIES / REVIEWS 24

Boeke

Audio: The Three Tenors 32

Jacinth Dolby



BIBLIOTEEKPROFIEL 30

Kimberley Openbare Biblioteek

Fritz van Dyk

Langa Public Library 34

Virginia Kasana

BOOKS AND AUTHORS The English setwork book 36

Leslie Eden

ART 38

Marlene Nielsen

ONS BEROEP Kriminele gedrag 39

Cari Conradie

BOEKAANWINSTE / BOOK ACCESSIONS 40

DISPLAYS Don't scrap scrap 42

Sunita Vallabh

ADMINISTRATION How to cut corners 43

Johanna de Beer

TOONBANKSTAALTJIES Skelm kry 'hulp' 44

Saamgestel deur Grizéll Azar-Luxton

KALENDER 45

nuus / news

Agenda 3 Mense 3 Biblioteke 4

Bekroonde boeke 5 Opleiding 5 Allerlei 6

Redaksionele beleid


Die Kaapse Bibliotekaris is die huisblad van die Bibliotekediens en verskyn elke maand, behalwe in Junie en November. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinstyde asook praktiese artikels oor uitstalwenke en biblioteekadministrasie. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van mede-werkers is nie noodwendig dié van die Bibliotekediens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

Editorial policy

The Cape Librarian is the house journal of the Library Service. It is published monthly, except in June and November. Articles in the field of library and information science, practical articles on displays and library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that all copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

next issue

- National look at literacy
- Afrikaanse Stigting
- Pop-up books
- Eben Venter vertel



Dit is werklik verblydend om te sien dat daar van die biblioteekpersoneel is wat die boodskap van **Inligting vir Almal** ter harte neem, skouer aan die wiel gesit en opvolgseminare gereël het. In Oudtshoorn het dinge omtrent gewikkel en aspekte wat baie bibliotekarisse na aan die hart lê, is bespreek. Lees meer oor hierdie opwindende seminaar in die *Nuus*.

Die jeug van vandag - hulle laat mens soms op jou tande kners, maar die feit bly staan dat hulle nog steeds die beste belegging in ons toekoms is. Daarom moet ons hulle vertroetel en die geleentheid gryp om hulle na ons hand groot te maak. In hierdie uitgawe spandeer ons bladsye aan skoliere, studente, hul studiebehoefes en hoe ons as bibliotekarisse kan help om die inwin van kennis te vergemaklik. Dis nie altyd maklik nie, soos u sal sien (en dalk al self ondervind het) in Nohra Moerat se artikel oor hoe om in die studiebehoefes van skoliere te voorsien, maar wie het nou ooit gesê dat die belangrike dinge in die lewe maklik sal wees?

Rekonstruksie, heropbouing, regstellende aksies - alles deel van die algemene Suid-Afrikaanse woordeskat vandag. Maar, hoeveel weet ons werklik van wat daar buite aangaan of praat ons maar net saam sodat ons deel van die stroom kan wees? Ons plaas hierdie maand 'n volledige verslag oor die doelstellings, werksaamhede en die toekoms soos gesien deur TransLis (Transforming our Library and Information Services).

Alhoewel ons graag al die nuus oor Biblioteekweek in hierdie maand se uitgawe met u wou deel, is dit duidelik dat ons sommige veraf plekke te na sal kom as ons nie wag tot volgende maand nie. Ondertussen kan ons net vir u sê dat dit pure plesier is wat op u wag!

What a pleasure it is to hear about library staff that took the message of **Information for All** to heart and who actually arranged follow-up seminars. Read in the *News* how things really got going and the many issues of concern to librarians which were discussed. Although we grit our teeth and shake our heads, the fact remains that the youth of today is our best investment in the future.

It is for that reason that we have to nurture them and grab every opportunity to help them develop to their full potential. We dedicate this issue to our scholars and students, their study requirements and how we as librarians can assist them to obtain valuable knowledge. It will, however, not be easy, as can be seen in Nohra Moerat's article on how to meet the demands of scholars, but then, we assume many of our readers will also have experienced similar problems.

Reconstruction, rebuilding, affirmative action - these all are part of the general South African vocabulary today. But, how many of us really know what is going on out there or are we merely paying lip service to these ideals. In this month's issue we publish a comprehensive report on the aims, activities and future views of TransLis (Transforming our Library and Information Services).

We would have loved to share all the exciting news about Library Week with you in this issue but, alas, in doing so we would have done an injustice to those faraway places who just couldn't get their news to us on time. Suffice to say that the many innovative ideas and novel projects will make for very good reading.

Gezell Azar-Lupton


Agenda



Mense / People

Stellenboschstreok se nuwelinge

Mariaan Elliott het in April by Stellenboschstreok begin nadat sy tot op daardie stadium biblioteekassistent in die Grahamstadstreok (Middellande) vir twee en 'n half jaar was. Sy het sommer met die intrapslag bewys van water staal sy gemaak is deur onmiddellik te begin toer, nuwe prosedures aan te leer en te *barcode* in die algemene AF-magasyn.



Mariaan Elliott

Mariaan is eintlik 'n gekwalifiseerde kunsonderwyseres en in haar vrye tyd geniet sy dit om haar kunstalent te beoefen en probeer sy altyd haar kinders betrek by die projek.



'n Uur nadat sy begin werk het, het Jolene van der Merwe met 'n voor-



Jolene van der Merwe

Streokdiensterade ondersteun biblioteke

Opwindende nuus kom hierdie maand vanuit die oord van streokdiensterade in Kaapland. Die nuutste ontwikkeling rondom hierdie rade se betrokkenheid by openbare biblioteekdienste sal sekerlik deur almal wat gemoeid is met openbare biblioteekdienste in Oos-, Noord- en Wes-Kaapland verwelkom word - en veral openbare bibliotekarisse en hul plaaslike munisipale owerhede.

Die Uitvoerende Komitee van die Vereniging van Streokdiensterade van Kaapland het op 24 Maart 1994, na aanleiding van 'n verslag van 'n spesifieke werkgroep onder leiding van PJ Loubser, die volgende uiters belangrike besluite geneem:

- dat streokdiensterade, met inagneming van die geweldig belangrike rol wat biblioteke in die bevordering van geletterdheid, opvoeding en inligtingsverspreiding vervul, in beginsel aanvaar dat hulle 'n verantwoordelikheid het om die daarstelling en uitbreiding van biblioteekdienste te bevorder.
- dat streokdiensterade versoek word om:
 - in te stem tot finansiële bydraes aan munisipaliteite vir gelewerde openbare biblioteekdienste, gebaseer op die formule voorheen op afdelingsrade van toepassing;
 - hoë prioriteit te heg aan kapitaalskenkings ter ondersteuning van die oprigting van biblioteekgeboue in ontwikkelende gemeenskappe; en
 - finansiële bystand te verleen tot die beste van hul vermoë waar hul die volle bydrae, bereken volgens die formule voorheen van toepassing op afdelingsrade, nie ten volle kan betaal nie.
- dat die beginsel verder aanvaar word dat streokdiensterade die behoeftes aan biblioteekdienste van gemeenskappe in landelike gebiede aanspreek.


Hierdie is wonderlike nuus nadat die finansiële bystand van voormalige afdelingsrade in Kaapland aan munisipaliteite vir gelewerde biblioteekdienste vervul het met die oorgang na streokdiensterade. 'n Gulde geleentheid word nou hiermee geskep vir plaaslike munisipale owerhede en hul betrokke streokdiensterade om die netelige probleem van landelike lede wat biblioteekgelde moet betaal, finaal uit die weg te ruim. Die gemeenskap staan veel te baat by hierdie ontwikkeling en die provinsiale bestuur van streokdiensterade word gelukkig en hartlik bedank vir hierdie progressiewe houding tot voordeel van die ontwikkeling van die breë landelike gemeenskap.

Waar staan ons nou met die aanval van onderwerpsleemtes?


Hartlik dankie vir die mooi reaksie op ons versoek in die Februarie-uitgawe dat biblioteke die onderwerpsleemtes in hulle voorraad aandui. Al die inligting op die blou vorms wat terugontvang is, is nou deur die Sentrale Naslaanafdeling by die Hoofkantoor van die Biblioteekdiens werk. Nadat streke aangedui het in watter onderwerpe hulle self kon voorsien, is alle oorblywende onderwerpsleemtes teenoor die bestaande voorraad in die Sentrale Naslaanafdeling nagegaan om vas te stel of sommige boeke nie direk aan biblioteke uit daardie voorraad heralokeer kan word nie.

'n Lys van die oorblywende onderwerpsleemtes wat nie uit bestaande voorraad voorsien kon word nie, is reeds opgestel en aan boekhandelaars en uitgewers voorgelê sodat hulle boeke oor daardie onderwerpe kan voorlê of die geïdentifiseerde onderwerpe op hulle publikasieprogramme kan plaas.

Die Biblioteekdiens sal nou alles in die werk stel om boeke oor die aangeduide onderwerpe so spoedig moontlik aan te koop, maar omdat die aankoop- en voorbereidingsproses 'n rukkie mag duur, vra ons u geduld daarvoor.



Welcome to Simon Marekwa, the newly appointed librarian at Galeshewe Public Library



Jean van Zyl

raadopname by die Allandale-gevangenis begin. Dit was die eerste voorraadopname per rekenaar. Jolene kom daar uit Saldanha se wêreld waar sy as biblioteekassistent begin werk het. Die hele rekenaarstelsel is nog vir haar vreemd, maar sy is baie entoesiasies om die werking daarvan so gou moontlik onder die knie te kry.

Sy kom reeds 'n lang pad saam met die Biblioteekdiens. In 1975 het sy by die Kimberley Biblioteek begin werk en in 1984 by die Suid-Afrikaanse Vlootbasis-depot in Saldanhabaai. Ondertussen het

sy ook 'n draai in Vredenburg Biblioteek gemaak.

Lyk mos vir my of daar iets spesiaals in Stellenboschstreok is. Baie welkom en geniet die Kaapse winter! RED

Biblioteekaris presteer

Jean van Zyl het pas die graad B.Bibl aan UNISA verwerf deur buitemuurse studie. Sy is ook vanaf 1 Maart 1994 aan-

gestel as die Stadsbiblioteekaris van Oudtshoorn en is reeds ses jaar werk-saam by die CJ Langenhoven Gedenk-biblioteek.

Ek wens iemand wil my vertel hoe mense die dinge so tussendeur al hulle ander verpligtinge doen. Baie geluk en hoop jy gaan baljaar onder die volstruise. RED

Biblioteke / Libraries

Fitzpatrick. Local Farm play-schools were hosted by Fitzpatrick Public Library until the end of July. This was as a result of a request by the Rural Foundation and Wednesday mornings were reserved for this project. At present there are 13 play-schools in the area.

The children and their teachers had the opportunity to learn about the library and books in particular. Stories were read in Xhosa by Gladys, the library assistant, and were followed by a short video. The children enjoyed having a try at the wooden puzzles (photo on page 8). The farmers in the area provided transport and refreshment.

Sounds like great fun and it seems as if requests are pouring in for a continuation of this project. ED

Pragtige takbiblioteek geopen

Goodwood. Tydens die onlangse opening van Goodwood se nuwe takbiblioteek vir Edgemead en Monte Vista het mev Martha Olckers, Wes-Kaapse Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) verantwoordelik vir Onderwys, Opleiding en Kulturele Sake, gesê dat die Wes-Kaap die onbetwiste leier in die verskaffing van biblioteekdienste is. Die nuwe biblioteek het R1,4 miljoen gekos (foto op bladsy 8).

Sy het verder gesê dat die Wes-Kaap oor een biblioteek vir elke 16 000 inwoners beskik, terwyl die syfer vir die ander provinsies gemiddeld 50 000 inwoners per biblioteek is. Met verwysing na geletertheid het sy gesê hoewel die geleterheidsyfer van 71 persent in Wes-Kaap die hoogste in die land is, is dit haar strewende dat elke inwoner van die streok in die voordele van geletertheid sal deel.

In dié verband het die Provinsiale Biblioteekdiens al met projekte begin wat die verskaffing van studiemateriaal en skryfbehoeftes behels en tussen R5 000 en R7 000 per projek is hiervoor toegewys.

Die Biblioteekdiens het 'n bepaalde program om biblioteekdienste so gou moontlik na alle gemeenskappe, selfs in afgeleë plattelandse gebiede, uit te brei en is, weens die agterstand in sekere gemeenskappe, selfs bereid om as 'n tussentydse maatreef dienste aan te bied in strukture wat nie aan die voorgeskrewe standarde voldoen nie, het sy gesê.

Baie geluk met jul pragtige nuwe biblioteek en onthou om op ons nommer te druk as daar iets benodig word. RED



Susan Staal (links), bibliotekaris van Rhodes Openbare Biblioteek, saam met Streekbiblioteekaris Elza du Preez



Pragtige vooraansig van die 'nuwe' Venterstad Openbare Biblioteek

Library sells phone cards

Milnerton. Telephone cards can now be bought at the Milnerton Library. The system has recently been introduced by Telkom to eliminate the use of cash when making calls from public telephones.

One of these fine days the public will start saying that you can get anything from a library, from a needle to an elephant, don't you think? ED

Come for tea

Fish Hoek. It's exciting to see the changes that have taken place in libraries in the past few years. Libraries just used to be places where people went to borrow books. Now many of them have become community centres.

Every Saturday morning the library in Fishhoek is a hive of activity where

people drop in for a cup of tea and a cookie, meet friends, borrow and return books and read the notice-boards to see what the next week holds in store.

And have you ever visited their delightful herb garden? ED

**Bekroonde boeke
 Literary awards**

Breyten wen Paton Prys

Die **Sunday Times** Alan Paton Prys van R15 000 vir 1994 is toegeek aan Breyten Breytenbach se **Return to Paradise**.

CNA awards

The Folly, written by Ivan Vladisvic, was awarded the 1993 CNA Prize for Lit-

erature in the English section. Karel Shoeman's **Hierdie Lewe** was the winner in the Afrikaans section.

The début prize in the English section was won by Nicholas Cope for his **To bind a nation** and in the Afrikaans section the award went to Mark Behr for **Die Reuk van Appels**.

Opleiding / Training

Inligtingseminaar op Oudtshoorn

Linda van Zyl, hoofbibliotekaris van Sentraal-Kaap het in Junie 1994 die Februarie **Inligting vir Almal**-seminaar met 'n seminar op Oudtshoorn opgevolg. Biblioteekaris van wyd en syd het daar saamgetrek en die dorpe Pacaltsdorp, George, Oudtshoorn, Mosselbaai, Calitzdorp, Heidelberg, Stilbaai, Prins-Albert, Beaufort-Wes, Calvinia, Laingsburg, Carnarvon, Clanwilliam en Graafwater verteenwoordig (foto op bladsy 8).

Na 'n verwelkoming deur Johan du Plessis, assistentdirekteur, Platteland, het raadslid Potgieter, voorheen van die plaaslike onderwyserskollege, die verrigtinge amptelik geopen. Jacolane Eksteen, bibliotekaris van Swellendam het op geesdriftige wyse die sessie oor gemeenskapsinligting gelei. Sy het prakties gedemonstreer hoe hierdie diens effektief en ekonomies met 'n indeks op kaarte, ringlêer, dagboek en kennisgewingsbord gelewer kan word. Die publiek het 'n behoefte aan bestaansinligting waarvoor daar nie 'n ander bron is nie.

Theuns Botha, streekbiblioteekaris van Oudtshoorn, het vertel van sy onlangse studiebesoek by Vrystaatse biblioteke, waar dié se gevestigde gemeenskapsinligtingsdiens bekryk is. Ongeletertheid, die probleem van 56 persent van Suid-Afrika se bevolking, was daarna in die kollig. Joan Basson het almal geïnspireer met haar ekonomiese program wat vir Bolandse plaaswerkers ontwikkel is en wat nou al landswyd sukses behaal. Saretta Otto en haar span het daarna op humoristiese wyse die suksesvolle Heidelberg-projek, geba-

LITERARY COMPETITION

Binne die eerste ses maande was dit egter duidelik dat die meeste gebruikers, insluitende volwassenes, vir die eerste keer 'n bibliotek gebruik en dat hulle opgelei moes word in die regte bibliotekgebruik. Die eerste probleem was taal. 'n Pamfletversameling is begin om inligting in Afrikaans te verskaf omdat die meeste naslaanbronne in Engels is. Bibliotekpersoneel moet dikwels eers skoolopdragte aan skoliere verduidelik voordat hulle die probleemstelling begin beantwoord. Gereelde skakeling met die skoolbibliotekaris vind plaas en gereelde klasbesoeke aan die bibliotek word aangemoedig. Noue skakeling met die omliggende skole het gelei tot verbeterde verhoudings tussen bibliotekpersoneel en skoliere. Die skoliere het ook geleer hoe die bibliotekstelsel werk en gebruik die bibliotek meer effektief.

Dit is in die huidige finansiële klimaat logies dat nouer samewerking tussen openbare bibliotekes en skoolbibliotekes plaasvind.

The teacher librarian acts as the liaison person and informs the library of set projects beforehand, enabling the staff to put aside the relevant material before the pupils come to the library. It is hoped that such co-operation will lead to greater sharing of information sources in the community rather than a duplication of sources.

This project has provoked interest from another primary school and they have already requested that similar assistance be given to them. With regard to high school pupils it was decided to provide study guides for all subjects at every level taught at the high schools nearest the library. Given that one of the high schools is a technical school, it was felt that it would be useful to build up a very specific study collection revolving around technical subjects. It is hoped that in the future Adriaanse Library will be able to assist technical school and college students in most subjects. Being a dial-up user of CPALS has proved extremely useful in this regard.

Considering the financial constraints in our country today, it seems logical to prepare for greater co-operation between the public library and school library, rather than less. At Adriaanse Library the needs of developing communities in a new South Africa will determine and improve the development of a relevant and useful study collection.



In this example the pamphlet collection provides information on a topic in Afrikaans and which is not necessarily available in the library's stock

TransLis

Where to now?

Maria Farelo Interim TransLis Co-ordinator, Western Cape

Matthew Syphus SAILIS Representative, TransLis (Western Cape) Committee

The TransLis Coalition is now one year old. Yet some public librarians in the Western Cape still seem to be uncertain as to what it stands for while others, who are familiar with its workings, are in the dark as to what has happened in the region since the October 1993 Western Cape Regional Workshop.

Formation of TransLis at national level

TransLis (Transforming our Library and Information Services) was launched by the following major South African library and information service (LIS) associations at a national meeting on 27 March 1993 held in Durban: South African Institute for Librarianship and Information Science (SAILIS), Inter Resource Centre Forum, African Librarians Association of South Africa (ALASA), Library and Information Workers' Organisation (LIWO), Transvaal Resource Centre Network, Read Education Trust and the South African Committee for Higher Education (SACHED).

TransLis, as a loose coalition, enables affiliation to be flexible and voluntary, without interfering with the independent activities of its members

Members of these organisations are employed in a wide range of library and information services throughout South Africa, penetrating all aspects of society and include the following: municipal and provincial libraries, school libraries, non-governmental and community-based resource centres, tertiary education libraries and departments, special scientific libraries serving commerce, industry and statutory research bodies, as well as commercial databases and information suppliers.

Since the work of the National Education Policy Investigation Library and Information Services (NEPI-LIS) Research Group had come to an end it was felt that the need to continue LIS research and formulate LIS policy together with the need to lobby policy-makers necessitated the formation of a LIS coalition. At subsequent national meetings the mission statement and aims of TransLis were refined.

Mission statement of TransLis Coalition

It is the mission of the TransLis Coalition to develop a national library and information service policy and programme which directs the process of participatory change and reconstruction of South Africa's libraries and information services, both at a regional and national level. The programme should be in accordance with the NEPI principles of democracy, redress of past imbalances, non-racism, non-sexism and a unitary system.

Aims

- To review and build on the library and information services research initiated by the National Education Policy Investigation (NEPI)
- To develop and recommend policy which will lead to a transformed and restructured local, regional and national library and information system which will serve all South Africans
- To lobby politicians and decision-makers with policy recommendations in reconstructing South Africa's library and in-

formation system

- To encourage grass-roots participation from users of library and information services as well as practitioners in the process of transformation
- To interface with other reconstruction initiatives so that the transformation of the library and information system forms part of a broader process of development.

TransLis, as a loose coalition, enables affiliation to be flexible and voluntary, without interfering with the independent activities of its members.

Collapse of national structure

Initially the TransLis Coalition functioned both at a national and regional level with Jenni Karlsson acting as Interim National Co-ordinator until January 1994.

It had been one of the prime aims of TransLis to hold a Round

Table Conference early in 1994 where formulated LIS policy would have been discussed with future politicians and decision-makers. At the same time an active regional programme was launched in preparation for the Round Table. To this end, a Western Cape regional workshop was held on 20 October 1993.

Unfortunately the Round Table initiative had to be aborted at the National Meeting of 28-29 January 1994 (READ office, Johannesburg), when the national committee was abandoned because of a lack of funding in favour of a loose national coordinating structure with a central administrative office based at READ. Greater financial and organisational autonomy and responsibility, however, would now be devolved to the regional level.

Western Cape regional programme

The Western Cape Regional October 1993 workshop, held at the Education Building, University of Cape Town, was attended by some 110 LIS practitioners who represented every type of Library and Information Service and included a number of rural LIS workers and practitioners.

The workshop was most successful, generating lively discussion in both groups and plenary sessions. At the end of the day the following resolution was unanimously accepted:

This Forum, noting: (a) The need to initiate and sustain a process of transformation and development in the existing LIS of South Africa; and (b) the need to involve LIS practitioners at all levels of this process, hereby resolves to give its full support to participation in the TransLis Coalition to facilitate this process.

Working groups

The workshop agreed to the formation of the following working groups to carry forward the transformation process in the Western Cape:

Situation analysis: Co-ordinator: Sally Witbooi, University of Western Cape

The overall goal of this working group is to describe the status quo of LI services in the Western Cape Region, focusing in particular on defects, deficiencies and gaps in information provision. A working methodology, an initial time frame and areas of responsibility were identified.

To date this group has gathered considerable information but due to a number of unforeseen setbacks a preliminary draft report has, at the time of writing this article, not been produced.

Appropriate provision: Co-ordinator: Johanna de Beer, Library Service

The aims of this working group are to: examine the findings of the Situational analysis working group in order to establish gaps, strengths, et cetera; examine the needs and wants of practitioners, users and potential users, especially those neglected in the past; research other LIS systems elsewhere to look for appropriate models; and plan a system that will meet these needs.

A comparative study of other countries, including African countries, was undertaken to identify appropriate LIS models for the South African situation. At the same time a letter was written to the youth wings of political parties, civic organi-

sations and relevant non-governmental organisations, et cetera, to survey community leaders' opinions concerning the information needs of their constituencies. It was felt that this methodology would be the easiest way to examine the needs and wants of users and potential users. At the time of writing no response had yet been received from these sources.

Media, Publicity and Networking: Co-ordinator: Jenni Underwood, University of Cape Town

The aims of this working group are to: create media opportunities for the Regional Co-ordinator in order to publicise TransLis in the Western Cape; facilitate informal communication amongst LIS practitioners (three issues of the Western Cape TransLis newsletter, *TransLis News*, have been distributed to LIS practitioners in the Western Cape); networking with other forums in the region (a panel discussion of several other forums took place on 1 June 1994); improve communication channels between LIS practitioners (to this end, a computer-based resource directory of all practitioners together with their LIS speciality is to be established as well as an electronic bulletin board); finding other means of improving communication between the great diversity and geographically dispersed LIS practitioners in the region.

Funding of Western Cape TransLis Co-ordinator

A funding proposal has been drawn up by Prof Peter Underwood (UCT, TransLis Regional Treasurer) and Matthew Syphus (SAILIS member) and submitted to the Independent Development Trust for the financing of a permanent regional co-ordinator. The regional committee is also negotiating with various institutions to find a suitable home for the co-ordinator as well as to administer the finances of the committee. Obviously this arrangement could influence the nature of the committee's administration and should be discussed by LIS practitioners.

Representation on other forums

The National Education & Training Forum (NETF) (Western Cape)

TransLis is represented on the NETF at national level and TransLis Western Cape on the regional Western Cape NETF. An exciting development is that the local NETF has agreed that there should be a LIS representative on all the forum working groups, for example, higher education, educare, vocational education, et cetera.

Metropolitan negotiating forum

TransLis Western Cape has made initial contact with this forum with regard to LIS provision within the metropolitan area of greater Cape Town. Follow-up talks are scheduled to take place later in the year.

CEPD LIS task team: interim report

In January this year, a report was put out by the Centre for Education Policy Development (CEPD) in conjunction with the ANC and the National Education & Training Forum (NETF) and the National Education Forum (NEF), where the role of

library and information services was recognised in the general promotion of literacy and a reading culture. A LIS task team was set up by the CEPD consisting of Peter Lor, Philip van Zyl, Jennie Karlsson and Andrew Khutsoane. Other experts from the Western Cape were co-opted to this list, such as Cathy-Mae Karelse (UCT School of Library Science) and Colin Darch (University Library, University of the Western Cape). The subsequent Interim Report was made available in March 1994.

Although the Regional Committee had organised several workshops during March 1994 to afford LIS practitioners the opportunity to consider the draft TransLis Policy Document,

The Interim Report of Library and Information Services (LIS) task team is now available and we would ask that all LIS practitioners read it before attending the workshop. (For a copy of the report, please contact Johanna de Beer at telephone (021) 410-2360.)

As concern has been expressed in some quarters about the CEPD Lis task team's legal deposit proposals, an addendum has been prepared by Prof Seth Manaka and Dr Peter Lor which clarifies the CEPD position. This report is also available from Johanna de Beer.

Library and Information Services should continue to seek ways to address the LIS needs of South Africa as a unified group

the potential impact of the CEPD LIS Interim Report had necessitated that urgent attention rather be given by Western Cape librarians and information workers to this document. Accordingly, the March workshops were cancelled and the CEPD document circulated to all LIS institutions and organisations within the region for their comment. Unfortunately, due to the disruptive election period, it had not been possible to circulate the CEPD document among practitioners or to organise a workshop during this time. However, an all-day regional workshop is being planned later in the year when LIS practitioners will be able to voice their opinions and feelings concerning a future LIS system at both national and regional level, taking into consideration the LIS structures proposed in the CEPD document.

Opsomming

TransLis (Transforming our Library and Information Services) is deur al die belangrike Suid-Afrikaanse biblioteek- en inligtingsdienste geloods en is nou 'n jaar oud. Die missie van TransLis is om 'n nasionale biblioteek- en inligtingbeleid en program in te stel wat daarop gerig is om die proses van deelnemende verandering en rekonstruksie van Suid-Afrikaanse biblioteke en inligtingsdienste op streek- en nasionale vlak in te stel.

Die doelstellings van TransLis is om die navorsing wat deur die National Education Policy Investigation (NEPI) oor biblioteek- en inligtingsdienste gedoen is, te hersien en daarop te bou; om beleid te ontwikkel en aan te beveel wat tot 'n veranderde en hergestruktureerde plaaslike, streek- en nasionale inligtingstelstel sal lei; om politici en besluitnemers ten opsigte van beleidsaanbevelings vir die rekonstruksie van biblioteek- en inligtingsdienste te beïnvloed; om deelname van biblioteekgebruikers sowel as biblioteekpersoneel in die proses van verandering aan te moedig; om saam te werk met ander rekonstruksie-inisiatiewe sodat die verandering op biblioteek- en inligtinggebied deel sal vorm van die breër ontwikkelingsproses.

Sedert die ontstaan van TransLis is daar verskeie vergaderings gehou en daar is gedurende 'n werkswinkel wat in Oktober 1993 aangebied is, besluit dat die behoefte om 'n proses van verandering en ontwikkeling in biblioteek- en inligtingsdienste te ondersteun en onderhou en om in die proses alle biblioteek- en inligtingpersoneel betrokke, te betrek. Daar is drie werkgroepe tydens hierdie werkswinkel in die lewe geroep, naamlik 'n situasie-analise werkgroep, 'n toepaslike voorsiening-werkgroep en 'n media-, publisiteit- en netwerk-werkgroep. TransLis is ook verteenwoordig op die Nasionale Opvoeding- en Opleidingforum.

Die TransLis-koalisie sal sorg dra dat hy 'n belangrike rol sal bly speel in die ontwikkeling van nuwe strukture.

Back to the future

It is impossible to speculate how TransLis will develop in the next year or so. What is, however, evident is that Library Information Services practitioners throughout South Africa, irrespective of their particular organisational allegiances or professional working lives, should continue to seek ways to address the LIS needs of South Africa as a unified group. Whether the TransLis Coalition would continue to service that purpose only time will reveal, as it is going to impact widely on which structures we are going to work under as well as impacting on the way we approach LIS in this country.

Tema-tameletjies

Mariette Immelman

Biblioteekaris, Aliwal-Noord Openbare Biblioteek

Om skoliere met skooltemas te help, kan een van die mees senutergende ervarings in die biblioteek wees. As dit egter op 'n geordende wyse aangepak en benader word, kan dit 'n verrykende ervaring wees.

Die biblioteekaris moet die skakel wees tussen die skoler, sy navorsingsbehoefte en beskikbare bronne. Dit is geweldig belangrik dat daar 'n samewerkingslyn is wat strek van die onderwyser na die biblioteekaris na die skoler.

Betrek onderwysers

Dit is noodsaaklik dat die onderwyser wat die opdrag gee, die biblioteekaris betyds daarvan in kennis sal stel en die betrokke onderwerpe deurgee. Dit stel die biblioteekaris in staat om die nodige navorsing te doen en om betyds aanvullende boeke by die streekbiblioteek aan te vra indien nodig. Indien 'n biblioteekaris sukkel om samewerking van skole te kry, kan daar byvoorbeeld 'n eenvoudige vorm opgestel word waarop die onderwyser basiese inligting (onderwerp, standaard, hoër graad/standaard graad, tydgrense) kan invul. Die vorms kan aan die begin van 'n kwartaal in die personeelkamer uitgedeel word met die versoek om dit teen 'n sperdatum in te lewer. Wanneer daar nie terugvoering van sommige onderwysers is nie en die skoliere daag net op by die biblioteek met onderwerpe vir 'n tema, is dit die beste om hierdie onderwysers individueel te gaan spreek.

Skoolmediasentra

Die skool met 'n mediatekaris kan 'n ander pad volg. Die onderwyser gee die inligting oor die tema vir die mediatekaris en sy doen 'n opname van be-

skikbare bronne. Wanneer sy 'n tekort het, kan sy dit deurgee aan die openbare biblioteekaris wat dan boeke in die vorm van 'n bloklening aan die skool beskikbaar stel. Die gekombineerde bronne van die skool en openbare biblioteek kan dan deur die skoler benut word. Die mediatekaris is in nouer kontak met die onderwysers en kan persoonlik met elke onderwyser gesels oor temas en die inhoud van sillabusse.

Samewerking tussen skole en die openbare biblioteek word 'n noodsaaklikheid as gevolg van beperkte finansiële middels. Die openbare biblioteek moet 'n aanvullende rol speel by gebruikersleiding aan skoliere, want opvoeding moet altyd die belangrikste doelstelling van beide die skoolmediasentrum en die openbare biblioteek wees.



Bloklennings moet uit 'n verskeidenheid bronne saamgestel word

Bloklennings

'n Belangrike aspek van hulp met temas, is om voorbereid te wees. Skoolprojekte moet duidelik gemerk wees sodat skoliere dadelik kan sien waar die inligting tot hulle beskikking is, byvoorbeeld STANDERD 8 HOËR GRAAD GESKIEDENIS, in groot swart letters. Maak ook seker dat skoliere genoeg plek het om te sit.

Bloklennings vir verskillende temas moet gebalanseerd saamgestel word deur gebruik te maak van 'n wye ver-

skiedenis bronne, soos ensiklopedieë, woordeboeke, handboeke, pamflet-versamelings, koerantknipsels en audio-visuele materiaal. Versprei boeke in 'n bloklening eweredig sodat een skoler nie met al twintig boeke sit nie. Probeer om nie alle boeke oor 'n spesifieke tema in 'n bloklening te reserveer nie, sodat skoliere nog steeds gestimuleer word om na aanvullende inligting by die nie-fiksierakke te gaan soek. Sit duidelike voorbeelde in die biblioteek op van hoe 'n bibliografie behoort te lyk. Voorbeelde hiervan kan van universiteite verkry word.

Daar moet goeie kontrole uitgeoefen word oor boeke wat gereserveer word vir temas. Laat die skoler daarvoor teken en laat personeel dit weer aantekene as hy klaar is. Teken hoogstens twee boeke per skoler per keer uit.

Vertrouensverhouding

Dit is belangrik om die skoler op sy gemak te stel en om vertroue te skep. Maak seker dat skoliere nie bang is om iets te kom vra nie en tree altyd rustig en vriendelik op. Kommunikasiegappings moet ook op 'n manier oorbrug word sodat die biblioteekaris ten volle kan begryp wat die skoler se inligtingsbehoefte is. Indien dit moeilik is om te verstaan wat die skoler presies wil hê, kan die onderhoudvoer-tegniek gebruik word of die skoler kan gevra word om die inligting neer te skryf. Daar sal in die toekoms oorweging geskenk moet word aan die aanstelling van biblioteekpersoneel wat die taal van die spesifieke omgewing magtig is.

Indien 'n onderwyser nie betyds inligting oor 'n tema aan die biblioteekaris deurgee het nie, moenie hierdie frustrasies op die skoler uit-haal nie. Wanneer 'n skoler met 'n tema-onderwerp opdaag en jy is nie voorbereid nie, reageer op suiwer instink sonder om opgewonde te raak. Gebruik die saakindeks indien jy onseker is oor die Deweynommer van die onderwerp. Soek dan op die rak, raadpleeg ensiklopedieë by die naslaanafdeling en kyk ook vir inligting by die pamfletversameling. Reserveer van hierdie bronne indien nog skoliere inligting vir dieselfde tema kom soek.

Alhoewel die hantering van skoliere en temas nie die maklikste werk in die openbare biblioteek is nie, behoort elke biblioteekaris 'n deel van die verantwoordelikheid van die opvoeding van die jeug op hom te neem.

ADULT NON-FICTION
VOLWASSE VAKLEKTUUR
HEY, Barbara
Suid-Afrikaanse krueiegids.- Struik, 1994.

Die skrywer staan bekend as die Krueivrou van Dieprivier wat naby Kaapstad geleë is. Sy is al baie jare betrokke by die kweek van krui en haar tuin spog met meer as 350 kruiesoorte. Hierdie is 'n praktiese handleiding vir die kweek van krui en sy gee aanwysings vir die bepaling van 'n kruietuin, asook die plant, kweek en versorging van 'n menigte kruiespesies. Organiese kweekmetodes en die bestryding van plantsiektes sonder gifstowwe word bespreek. Daar is 'n tabel wat aantoon watter krui saam met 'n spesifieke kossort gebruik kan word en rate vir die behandeling van siektes, word verskaf.

Elke kruiesoort word in detail beskryf en inligting soos die botaniese naam, oorsprong, gebruik, kenmerke en kweekmetodes word aangegee. Volkleur-illustrasies vir maklike uitkenning vul die teks aan. Daar is ook 'n taamlik uitgebreide inhoudsopgawe, 'n bladregister en 'n kort woordelys wat die gebruik van hierdie aantreklike uitgawe vergemaklik. 'n Engelse uitgawe is beskikbaar.

EdeR

JOHNSON, Barbara
Steek 'n malva in jou hoed en lag!- Struikhof, 1994.

Barbara Johnson is 'n humoris en 'n gesogte spreker in die Verenigde State van Amerika. Sy is die stigter van Spatula Ministries, 'n nie-winsgewende organisasie wat gebroke ouers, wie se kinders die pad byster geraak het, onderskraag.

Barbara se humorsin en geloof het haar deur vier persoonlike tragedie gedra, wat haar die insig gee om ander hul pyn en verdriet te help verwerk. Haar man het ernstige beserings in 'n byna noodlottige motorongeluk opgedoen, een van haar seuns het in Viëtnam gesneuwel, 'n ander was die slagoffer van 'n besope bestuurder en die derde het sy ouers verwerp en die huis verlaat om 'n homoseksuele leefwyse na te volg. En om alles te kroon moes sy onlangs van haar arts verneem dat sy aan suikersiekte ly.

Barbara beskik oor 'n opborrelende lewensvreugde, 'n onblysbare optimisme en 'n vaste geloof in haar Skepper wat haar in staat stel om, selfs te midde van oorweldigende smart, die sprankel in die lewe raak te sien. Hierdie is uiters toeganklike leesstof met 'n sterk godsdienstige inslag, wat sal help om 'n leemte op die biblioteekrakke te vul.

EdeR

LAWRENCE, Mike
Klipwerk om die huis: stap vir stap.- Struik, 1994.

Omdat klip in sy natuurlike vorm gebruik kan word en 'n oneindige verskeidenheid moontlikhede aan die gebruiker bied, is dit die volmaakte medium vir projekte in 'n tuin. Hierdie is 'n volledige gids om die self-doen-entoesias te help om met klip in sy tuin te werk. Dit bevat duidelike aanwysings vir projekte soos mure, patio's, trappe, rotstuine, fonteintjies en dammetjies, asook sitplekke, tafels, sonwysers en voëlbadde. Benewens bogenoemde projekte bevat die boek ook waardevolle raad in verband met koste- en kwantiteitsberekening, materiaal en gereedskap wat nodig word, voorbereiding van die terrein en algemene bou- en ontwerpwenke.

Die teks word deur duidelike en baie aantreklike diagramme van spesifieke metodes en projekte sowel as pragtige kleurfoto's van stappe wat in die bouproses gevolg word, asook voltooiende projekte toegelig. Die illustrasies dra by tot die toeganklikheid en bruikbaarheid van die teks. Daar is 'n woordelys en 'n indeks aanwesig. Hierdie titel is ook in Engels beskikbaar.

EdeR

MAARTENS, Maretha
Halte tevredenheid: 'n reisverhaal met 'n verskil.- Christelike Uitg., 1994.

Maretha Maartens en haar predikant-man, Hennie, het Oos-Europa met rugsakke en 'n beperkte begroting aangedurf. Hulle was naïef genoeg om te dink dat vreemde tale hul grootste probleem gaan wees, maar toe maak hulle kennis met diene op die trein, Emma en haar gevaarlike wasbak, vlugtelinge uit Bosnië-Herzegowina en ander uitvaagsels van die samelewing wat in 'n wagkamer om 'n stasie saamdrom. Hulle loop 'n bloutjie by die Weense Staatsoperahuis en spandeer 'n misrabele nag in 'n troostelose jeugherberg. Beperkte finansies en ander ondervindinge soos hierdie kan maklik frustrasies laat groei en struweling tussen reisgenote en in hierdie geval ook huweliksmaats veroorsaak. Maretha bring hul ondervindinge op hierdie reis met hul verhouding beide met God en met

mekaar binne die huwelik in verband. Wat hulle daar uitvind en leer is so belangrik dat hulle dit met almal wil deel. 'n Reisverhaal vol humor en ontroering, nie net deur Oos-Europa nie, maar ook deur die lewe, wat saamgestel is uit 'n reeks praatjies wat die skrywer oor *Vrouefokus* uitgesaai het.

EdeR

MAARTENS, Maretha
Poegaailyf of vonkeloog?- Christelike Uitg., 1994.

Maretha Maartens, bekende predikantsvrou en skrywer, kyk na die lotgevalle van die vrou en moeder van die huis. Sy moet koliekbabas troos, met tieners probeer huis hou, weer en weer matriek skryf, 'n huishouding bestuur, 'n man onderskraag en troeteldiere deur dik en dun versorg. Daar is twee maniere om hierdie beproewings te benader - optimisties en vrolik, of pessimisties en swartgallig. Poegaailyf of vonkeloog!

Met kenmerkende humor en deernis stel sy haar lesers in staat om ook hul lotgevalle deur haar persoonlike lewenservaringe in oënskou te neem. Lewensvreugde en geloofsblyheid straal uit elke woord. Almal wat nie met haar rubriek *Slotson*, wat gereeld in die *Rooi Rose* tydskrif verskyn, bekend is nie, sowel as haar gereelde lesers, sal die lees en herles van hierdie stukkie terdeë geniet.

EdeR

MAARTENS, Maretha
So werk 'n tiener se ratwerk / Naomi Maartens.- Christelike Uitg., 1994.

Maretha Maartens en haar dogter Naomi het saamgespan om die ma-dogter-verhouding te verken en te ontleed. Naomi daag haar moeder met tipiese tienerdirektheid uit om eerlike antwoorde en sinvolle raad oor 'n groot verskeidenheid tienerprobleme te verskaf. Op haar beurt probeer Maretha weer, sonder om haar dogter se individualiteit aan bande te lê, of te voorskryf te wees, haar dogter met begrip, deernis en liefdevolle raad by te staan.

Probleme met skoolwerk, verkeerde verhoudinge, moraliteit, seks, liggeraaktheid en godsdiens is van die onderwerpe wat deur die twee bespreek word. Treffend is die opeghed van beide moeder en dogter, hul inherente sin vir humor wat sprankel aan die tekste verleen en die geselstrant waarin die boek geskryf is. Dit dra alles by tot die toeganklikheid en leesbaarheid van die werk. Hierdie boekie sal deur beide volwassenes sowel as tieners geniet word.

EdeR

MARGOLIUS, Marcia
Skep 'n tuiste met styl.- Tafelberg, 1994.

'n Ervare plaaslike binnehuysversierder gee raad aan diegene wat graag self hul huise van binne wil versier. Vrae soos waar en hoe om te begin, watter materiale om te kies, waar dit verkrygbaar is en, die grootste vraag van almal - is dit bekostigbaar, word beantwoord.






Daar word aandag geskenk aan al die probleme waarmee professionele binnehuysversierders gekonfronteer word en beproefde, eenvoudige en stapsgewyse wenke word gegee. Daar word ook gekyk na al die praktiese implikasies wat die verandering van dekor inhoud. Dit bied 'n oorsig oor die verskeidenheid keuses met betrekking tot style, meubels, mure en vloere wat gemaak kan word. Daar is voorstelle vir elke kamer in die huis en tuistes kan wissel van woonstelle tot herehuise. Behalwe vir die estetiese oorwegings, val die klem ook op gerieflikheid en daar word gestreef na die weerspieëling van persoonlike smaak en lewensstyl.

Duidelike diagramme word gebruik om die rangskikking van meubels in kamers aan te dui, en pragtige kleurfoto's van die interieurs van huise vul die teks perfek aan. Hierdie titel is ook in Engels beskikbaar.

EdeR

MARSH, Rob
Verlore skakels: onverklaarbare geheime van Suider-Afrika.- Struik, 1994.

Die mens se verbeelding, sy nuuskierigheid en sy sin vir avontuur was nog altyd geprikkel deur die misterieuse en lesers, jonk en oud - sal hierdie boek fassinerend vind. *Verlore skakels* bevat 'n keur van verhalde oor moord, bedrog, profesieë, geeste, vermiste persone en nog veel meer. Almal bevat 'n element van misterie wat tot nog toe nie op bevredigende wyse opgelos is nie. Barney Barnato se geheimsinnige dood, Rosalind Ballingall se verdwyning in die woude van Knysna, die geheim van die Kruger-miljoene, die Helderberg-lugramp, die stranding van die Waratah, die patryspoortmoord en George Rex van Knysna is van die tergende geheime wat bespreek word. Die skrywer wend verskeie pogings aan om sommige van die gebeure te verklaar, en dit is onvermydelik dat die leser nie altyd met die skrywer sal saamstem nie. Maar dit skep wel geleentheid vir spekulasie en bespreking.



Die teks is interessant en onderhoudend geskryf, die skrywer het moeite gedoen met sy navorsing en die talle aantreklike illustrasies dra by tot 'n opwindende en boeiende leeservaring. As gewilde, leesbare vakliteratuur gaan hierdie publikasie gewis 'n wenner wees. Ook in Engels beskikbaar.

EdeR

ODY, Penelope**Kruië: die natuur se medisyne.**- Human, 1994.

Hierdie vertaling van 'n immer-aantreklike Dorling Kindersley uitgawe word beskryf as "die eerste volledig geïllustreerde verbruikersgids tot kruiemedisyne".

Ter inleiding word die geskiedenis van kruiengebruik deur die eeue in beide die Weste sowel as die Ooste in redelike detail bespreek. Dit sluit die balansering van smake en die balans tussen Yin en Yang in. Daarna volg 'n alfabetiese register van plantdele wat gebruik word, hul werking, aktiewe bestanddele en kenmerke, gebaseer op die tradisionele Westerse en Chinese klassifikasie. Aanwysings vir die versameling en droog van kruië, sowel as resepte vir die maak van kruiemiddels word ook aangegee. Om die leser te help met die gebruik van die kruië is baie handige kwaal-vir-kwaal gidse agter in die boek opgeneem.

Die teks word toegelig deur 'n menigte pragtige kleurfoto's, swart en wit lyntekeninge en 'n bladregister. 'n Woordelys en bronnelys dra by tot die bruikbaarheid van die boek. Hierdie is 'n gewilde onderwerp en lesers sal hierdie aantreklike publikasie nie maklik op die biblioteekrakke laat bly staan nie. Ook in Engels beskikbaar.

EdeR

RUSSELL, Alec**Prejudice and plum brandy: tales of a Balkan stringer.**- M Joseph, 1993.

Journalist Russell, currently the *Daily Telegraph's* correspondent here in South Africa, has won a number of press awards. **Prejudice and plum brandy** is his account of his years as a stringer (a locally employed reporter paid on results) in South-East Europe, in Romania, Bosnia and Croatia. The book is fascinating, straight reporting mixed with personal stories and anecdotes. Good readable non-fiction.

SG

STEWART, Bob**Broken lives: a personal view of the Bosnian conflict.**- HarperCollins, 1993.

In this compelling account of his six-month tour in Bosnia, Bob Stewart tells the full story of his experience, frequently under enemy fire in this terrible war, including details of his daring unarmed reconnaissance into the war zone in land rovers, the shame and the personal outrage at witnessing starving refugees in the heart of Europe, the unprecedented role he and his Army colleagues had to play as cease-fire negotiators and ambassadors for peace, his devastation at the news that one of his men had been killed by a sniper's bullet and the tireless work of the British UN contingent to provide succour to the broken lives of the Bosnian people on every side.

He captures the determination of the British humanitarian force and allows the reader to witness the worst ravages of his brutal war.

EB

ADULT FICTION**VOLWASSE VERHALENDE LEKTUUR****BRADFIELD, Scott****What's wrong with America?**- Picador, 1994.

This second novel from the author of *Greetings from Earth* and *The history of luminous motion*, is a hilarious look at Californian life. Emma O'Hallahan murders her husband, Marvin, after 45 years of marriage, or "servile misery" as she calls it. The book takes the form of the journal she starts writing to justify her actions to herself and her family. An entertaining and highly diverting novel.

SG

GIBBONS, Kaye**Charms for the easy life.**- Abacus, 1994.

A portrayal of three generations of tough and independent women as they live through the events of this century. The grandmother, Charlie Kate, started out as a midwife at the beginning of the century and practises folk medicine in a small North Carolina community, where she is respected by the medical profession for her wisdom, common sense and

intuition. Her daughter Sophia marries the wrong man and she and her daughter Margaret, the narrator of this tale, come to live with Charley Kate. The three exist together in a book-filled harmony, until Mr Right happens along for both Sophia and Margaret. The strong-willed vitality of the central characters, the period detail and the meticulous descriptions of the folk remedies make this a delight to read.

CvG

KELMAN, James**How late it was, how late.**- Secker, 1994.

Kelman is an award-winning Scottish novelist. Sammy is an ex-con trying to get by - after a night of heavy drinking, he is arrested and beaten up by the police. When he wakes he is in a cell and blind. He cannot remember much of what happened the night before; he is in the dark both physically and mentally. The novel is written in an immediate, ironic style mainly in the Scottish vernacular. Some readers may be put off by the Scottish slang and way of speaking, but for those who can cope this will be an enjoyable read. Kelman is good and in Sammy he has created an unforgettable character - a bit romantic, a strong sense of humour and tough, definitely one of the world's survivors.

SG

PRANTERA, Amanda**The young Italians.**- Bloomsbury, 1994.

The orphaned Irene goes to Florence, to her sole living relative, Aunt Francis, but soon finds the atmosphere stifling and marries the first young man who comes along. He is Tommaso, part of a large, well-to-do Florentine family, who welcomes Irene to their bosom. She is happy until, on holiday in the family's summer villa at Forte dei Marmi, she becomes obsessed with Giuliano, the good-looking son of the neighbours. This is the story of her infatuation, told with humour and sympathy. It is a marvellous portrait of a bourgeois family, its funny little habits and traditions and in particular, of Tommaso - in no way a stereotypical Italian male. Prantero is an accomplished writer who has lived in Italy for many years and there are some quite delicious little vignettes of family members in their holiday routines. She looks at love and infatuation unsentimentally, with wry understatement and the book is an absolute pleasure to read.

CvG

ROBERTS, Michele**During mother's absence.**- Virago, 1993.

This collection of short stories, which precedes Michele Roberts's award-winning novel, *Daughters of the House*, is witty and deliciously sensuous, reflecting her Anglo-French upbringing. In *The Bishop's Lunch*, the novice Sister Josephine prays for a miracle when entrusted with the task of preparing the Easter Sunday lunch for the Bishop. In *Taking it Easy*, a writer of short stories solves her writer's block in an unusual manner. A sophisticated and rewarding collection for the discerning reader.

CvG


WARFIELD, Gallatin**Silent witness.**- Headline, 1994.

The second book by the author, Gallatin Warfield, who has a law degree and has worked as a public prosecutor. Eight year-old Granville, son of a prosecuting attorney, Gardener Lawson, by chance walks in on an armed robbery and murder at a local grocery store. He is found unconscious, suffering from concussion and when he awakes, retains no memory of the incident at all. During the investigation, two suspects emerge: a rich prep student at a nearby boarding school and a local thug with a police record for assault. One of these is a dangerous sociopath who is almost certain to strike again. Despite meagre evidence, the State has to proceed with the case; but it becomes increasingly obvious that Granville's memory must be restored to aid the case. In a trial full of dramatic twists and countertwists, the tension builds to an astonishing and unexpected climax.

EB

WINDSOR, Valerie**Telling stories.**- Madarin, 1994.

Telling stories, Valerie Windsor's first novel, is about a woman who leaves her husband after 16 years of marriage. While vacationing in France, Margaret Davidson gets up from the table and walks out leaving her husband sitting in the cafe completely oblivious to his wife's desertion. She has made no plans and even as she walks along she still thinks she will somehow end up back with her husband at their hotel. In a slight daze she hitch-hikes and gets a



lift with a confident young woman called Chris and from then on she just drifts along with whatever happens, never actually making any decisions. This novel is an entertaining debut, the story told with humour and containing some very tense moments - a thoroughly enjoyable read!

SG

WINGFIELD, RD

A touch of Frost- Corgi, 1992.

Detective Inspector Jack Frost gives the impression of being shambling, sloppy and not very bright - rather in the manner of Columbo - but he is more astute than his colleagues give him credit for. In a crowded three or four days, he is faced with the rape of a stripper, the murder of a junkie, a series of petty thefts, the murder of a fellow officer and the disappearance of a teenage girl. Bumbling along, he commits several blunders, but in the end manages to outwit his apparently smarter colleagues. Lots of dry humour, this is one of the more entertaining and engrossing police procedurals.

CvG

JUVENILE NON-FICTION

JEUGVAKLEKTUUR

MOVING into maps. - Rev ed. / ed by John E Butler... [et al.]-

Heinemann Educational, 1994.

A large, brightly illustrated introduction to the skills and concepts involved in using maps. Aimed at primary school children, this reinforces number and language skills and other important basic work, with a number of games to add to the fun. A well set-out and imaginative approach to how maps are made and read.

CvG

TIMELINES SERIES

TAMES, Richard Lawrence Amos

Food: feasts, cooks & kitchens.- Watts, 1994.

MORLEY, Jacqueline

Entertainment: screen, stage & stars.- Watts, 1994.

Timelines is an excellent series which aims to show how some of the basic elements of our civilisation have developed over time, from their first origins to the present day and beyond. **Entertainment** begins with the early religious dramas, looks at the beginnings of opera and ballet, the development of radio and television and forward into the holographic performances of the twenty-first century.

Food traces the history of nutrition and eating around the world, from the first farmers to the first canners, today's fast food and the future farms at the bottom of the sea.

Very attractively presented with lively, colourful illustrations, a timeline, glossary and index.

CvG

VAN DER ROL, Ruud

Anne Frank: beyond the diary: a photographic remembrance / Rian Verhoeven.- Viking, 1993.

This photographic remembrance to Anne Frank combines family photographs (many not seen before), short biographical sketches of Anne and the others in the Secret Annex and brief essays identifying specific stages in the Holocaust. The effect is to demystify Anne and show glimpses of the ordinary young girls behind the diary, paradoxically giving her story more poignancy and renewed universal impact. Recommended for young readers and adults alike.

AO

WILKES, Angela

The children's step-by-step cook book.- Dorling Kinderley, 1994.

STREET, Myra

The Brownie cook book.- Hodder, 1993.

Two bright, new, very attractive cookery books for children. Both contain very good recipes with lots of child appeal, giving step-by-step instructions accompanied by photographs of each step. There are recipes for such dishes as pizzas and hamburgers, salads,

biscuits, cakes and sweets. The Dorling Kindersley publication is divided into sections, such as Snacks, Egg and Cheese, Vegetables, et cetera, with each section preceded by a double page of general information and progressing from simple recipes to the more complicated. Both publications would be equally successful at enticing children into the kitchen and giving them confidence in preparing edible dishes which the whole family would enjoy.

CvG

JUVENILE FICTION

JEUGLEKTUUR

COOPER, Susan

The boggart.- Bodley Head, 1993.

The boggart is an ancient Scottish spirit who loves to play practical jokes on the humans he happens to share a lifetime with. Originally living in an old Scottish castle, he accidentally gets transported to Canada when the Volnik family inherits the castle and takes some of the furniture back with them. He causes havoc in the unsuspecting Volnik household; as proper New World citizens they have lost touch with old folk magic. In the end the boggart starts to pine for his familiar Scottish homeland and in an interesting twist the children try the prototype of an intricate 'dark hole' computer game to send him back. Susan Cooper is a born storyteller and this witty, atmospheric tale blends reality and fantasy seamlessly. Highly recommended for 10 plus age group.

AO

LE ROUX, Marlene

Sterling.- Tafelberg, 1994.

Wanneer die sestienjarige Sterling die aantreklike nuwe aankomeling, Jacques Richaud, ontmoet, voel sy onmiddellik aangetrokke tot hom en, ten spyte van haar broer se bedenkings oor Jacques se morele waardes, ontwikkel daar 'n sterk verhouding tussen die twee. Sterling verafgod haar pa en nadat sy vir jare sy eskapades met ander vroue regverdig het, skaad een van sy ligsinnige buite-egtelike verhoudings haar persoonlike lewe en sy word geforseer om sy swakhede raak te sien.

Wanneer Jacques longontsteking opdoen en nie herstel nie, word Vigs gediagnoseer. Behalwe die huweliksprobleme tussen haar ouers, moet Sterling nou ook die implikasies van hierdie vreesaanjaende siekte en die onafwendbare dood van 'n eerste liefde hanteer.

Verskeie van die probleme waarmee jong tieners gekonfronteer kan word, vorm die kern van hierdie verhaal. Dit word vanuit die oogpunt van die betrokke ouderdomsgroep gesien, en dit dra veral by tot die leesbaarheid van die verhaal. Dit was miskien nie nodig dat die hoofkarakter met twee sulke groot probleme moes worstel nie, maar dit doen geen afbreuk aan die feit dat die boek heelwaarskynlik baie gewild onder jong lesers sal wees nie.

EdeR

MACLACHLAN, Patricia

Skylark.- Lions, 1994.

Sarah plain and tall (Newbery Medal winner) was such a little gem of simplicity and integrity that I picked this sequel up with some hesitation, afraid that it would spoil the impact of the first. But I need not have worried: Patricia MacLachlan continues the story of the Witting family without a false note. In Anna's simple, childlike prose the effect of the devastating drought on the prairie community is detailed. The children are afraid that Sarah, unused to the harsh conditions, might long back to lush green Maine, especially when a fire destroys their barn and their father sends them to stay with Sarah's aunts. This understated and lyrical story can be highly recommended for the more discerning J reader.

AO

Note: At the time of going to press, some of these titles were still on order.

EB	Erich Buchhaus	AO	Alta Oosthuizen
EdeR	Elizabeth de Roubaix	CvG	Cecily van Gend
SG	Sabrina Gosling		

